



NORTH-WEST UNIVERSITY
YUNIBESITHI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NOORDWES-UNIVERSITEIT

**WETENSKAPLIKE BYDRAES
REEKS H: INTREEREDE NR. 209**

**GODSDIENSTIGE EN KULTURELE SIMBOLE IN OPENBARE SKOLE:
SIGBAARWORDING EN GROEI VAN REGSPLURALISME
IN SUID-AFRIKA**

Prof Christa Rautenbach

Intreerede gehou op 11 Mei 2007

Die Universiteit is nie vir menings in die publikasie aanspreeklik nie.

Navrae in verband met *Wetenskaplike Bydraes* moet gerig word aan:

Die Kampusregistrator
Noordwes-Universiteit
Potchefstroomkampus
Privaatsak X6001
POTCHEFSTROOM
2520

Kopiereg © 2007 NWU

ISBN 978-1-86822-529-3

GODSDIENSTIGE EN KULTURELE SIMBOLE IN OPENBARE SKOLE: SIGBAARWORDING EN GROEI VAN REGSPLURALISME IN SUID-AFRIKA*

Christa Rautenbach**

Geagte Meneer die Dekaan, lede van die Raad en Senaat, kollegas, vriende en familie:

I have come to realise that this is my first public speech in my mother tongue. Therefore, I am privileged to rely on the obligingness of my attending colleagues who, on account of their more intimate knowledge of English, would have preferred to hear my inaugural speech in that language. I appreciate the fact that you forgive me for succumbing to the temptation to do my presentation in Afrikaans, which is so dear to my heart and suited for this specific academic setting and occasion.

1. INLEIDENDE OPMERKINGS

Regspluralisme by die Regsfakulteit staan op twee bene; die eerste been is Afrika-gewoontereg wat reeds verskeie jare lank as 'n kursus aangebied word. Afrika-gewoontereg het na 'n lang uitgerekte stryd uiteindelik grondwetlike erkenning¹ verkry, en die toekoms daarvan, alhoewel met tye nog omstrede, is redelik verseker.

Die tweede been en ook die kursus waarby ek betrokke is, is godsdienstige regstelsels wat uit 'n samestelling van nie-staatlike regstelsels, soos die Moslemreg, Hindoereg en Joodse reg, bestaan. Weinig ander universiteite beskou hierdie tweede been as 'n selfstandige onderafdeling van regspluralisme; derhalwe kan dié betrokke kursus wat sedert 1999 by die PUK aangebied word, as uniek en baanbrekend beskou word.

Die invloed van regspluralisme in ons daaglikse lewens word in toenemende mate sigbaar en dit is een van die regsgebiede waarin duidelike groei plaasvind. Die Grondwet skep die moontlikheid vir die promulgering van wetgewing wat ander stelsels van persone- en familiereg kragtens enige

* Intreerede gehou by die Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus) op 11 Mei 2007.

** B Juris, LLB, LLM, LLD (NWU). Gedeeltes van die navorsing waarop hierdie voordrag gegrond is, is moontlik gemaak deur die finansiële steun van die "National Research Foundation". Enige moontlike vergissings en menings kom egter op rekening van die outeur.

godsdien of tradisie erken.² Hierdie grondwetlike magtiging open die deur vir die statutêre erkenning van persoonlike of familieregstelsels wat tans nie erkenning geniet nie. Voorbeelde van sodanige regstelsels is, soos reeds genoem, die persoonlike of familieregstelsels van Moslems, Hindoes en Jode.³

Alhoewel verskeie betekenis aan die term "regspluralisme" geheg kan word, behels dit vir die doeleindes van hierdie voordrag die regsreëls van verskillende godsdienstige en kulturele groepe wat binne een regstaat bestaan, met ander woorde 'n vorm van kultuurpluralisme.⁴ Alhoewel die term "regsreël" normaalweg 'n reël veronderstel wat aan die reg ontleen is, verwys dit in hierdie samehang na die gebruike en gewoontes van godsdienstige en kulturele groepe wat nie deur die Suid-Afrikaanse regstelsel as regsreëls beskou word nie, maar wat tog as regsreëls deur lede van hierdie groepe as sodanig beleef word.⁵ Die Joodse tradisie van besnydenis kan as voorbeeld genoem word; daar is geen gemeenregtelike of statutêre reël wat besnydenis vir Joodse seuns voorskryf nie, maar ingevolge die Joodse reg rus daar 'n verpligting op 'n vader om te sorg dat sy seun agt dae na sy geboorte besny moet word.⁶

Multikulturaliteit is 'n realiteit. Godsdienstige en kulturele groepe leef volgens hulle eie gebruike en gewoontes wat aanleiding kan gee tot konflik, veral omdat ander individue en groepe sekere van hierdie gebruike en gewoontes nie verstaan of ken nie. Die aanhef van ons Grondwet⁷ gee erkenning aan die verskeidenheid binne die Suid-Afrikaanse bevolking en verklaar dat Suid-Afrika aan almal behoort wat daarin woon, "verenig in ons verskeidenheid".⁸ Daarbenewens verleen die Grondwet aan enigeen die reg om aan die kulturele lewe van sy of haar eie keuse deel te hê⁹ en verbied enige inbreuk op die reg van 'n gemeenskap om saam met ander lede van daardie gemeenskap hulle kultuur uit te leef of godsdien te beoefen.¹⁰ Die gelykheidsklousule in die Grondwet¹¹ verbied ook onbillike diskriminasie op grond van, onder andere, godsdien en kultuur.

Regshervorming en –ontwikkeling op die gebied van regspluralisme vind voortdurend plaas; en veral op die gebied van Moslemfamiliereg word

aansienlike veranderinge in die vooruitsig gestel. Die Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie het, na 'n grondige ondersoek, aanbeveel dat Moslemhuwelike en sekere aspekte van Moslem- persoonlike reg statutêre erkenning behoort te geniet.¹² Tot dusver is nog geen wetgewing in die verband gepromulgeer nie, maar 'n konsepwet vir die erkenning van Moslemhuwelike word tans deur die Departement Justisie en Grondwetlike Ontwikkeling oorweeg. Die meeste howe van voor 1994 het geweier om erkenning aan Moslemhuwelike of aspekte daarvan te gee, maar sedertdien het die howe in *ad hoc*-gevalle die gemenerereg en statutêre reg uitgebrei om die negatiewe uitwerking van nie-erkenning van Moslemhuwelike te verlig. In die *Amod*-saak¹³ het die Hoogste Hof van Appèl in 1999 die gemeenregtelike onderhoudspelig wat normaalweg tussen gades bestaan, uitgebrei na Moslemgades wat 'n nie-geldige Moslemhuwelik gesluit het, ten einde die vrou in staat te stel om verlies aan onderhoud van die Ongevallefonds te eis. In 'n volgende beslissing het die Konstitusionele Hof in die *Daniels*-saak¹⁴ beslis dat die woord "gade" in die Wet op Intestate Erfopvolging¹⁵ en die woord "langlewende" in die Wet op Onderhoud van Langlewende Gades,¹⁶ geïnterpreteer moet word om partye van 'n Moslemhuwelik in te sluit. Die gevolg is dat 'n Moslemgade ook 'n intestate erfgenaam kan wees en dat 'n Moslemlanglewende ook 'n onderhoudeis teen die bestorwe boedel kan instel.

Regshervorming en –ontwikkeling is egter nie beperk tot die gebied van persoonlike of familiereg nie. Verskeie ander godsdienstige en kulturele gewoontes en gebruike speel 'n groot rol in die daaglikse lewens van die Suid-Afrikaanse bevolking. Dit is onvermydelik dat hierdie gewoontes en gebruike op talle vlakke van die samelewing 'n invloed sal uitoefen. Dit bring my by die hoofsaak van vanaand se voordrag: godsdienstige en kulturele simbole in openbare skole. Die vorige regering se beleid van afsonderlike ontwikkeling het meegebring dat die beheerliggame van skole, en ook onderwysers, ouers en leerders in die algemeen nie aan die gewoontes en gebruike van ander godsdienstige en kulturele groepe blootgestel is nie. Die situasie het in baie gevalle drasties verander. Dit is vandag nie ongewoon dat die leerderkorps van 'n skool verteenwoordigend van ons uiteenlopende bevolking is nie.

Hierdie diversiteit kan nuwe uitdagings aan, byvoorbeeld, die gedragskodes van skole stel.

Drie jaar gelede het die media berig oor 'n Moslemeerder wat deur haar skool verbied is om 'n kopdoek by haar skooluniform te dra.¹⁷ Geen verdere melding het verskyn nie, en dit is onbekend wat die uiteinde van die aangeleentheid was. In die *Antonie*-saak¹⁸ het 'n leerder probleme ondervind omdat sy "dreadlocks" en 'n mus as uitdrukking van haar Rastifariese geloof gedra het. Alhoewel die gedragskode geen verwysing na "dreadlocks" of musse gehad het nie, het die skoolhoof die leerder se gedrag as 'n verbreking van die skoolreëls beskou, en die aangeleentheid is na die skoolraad verwys met die oog op tugstappe. Die skoolraad het bevind dat haar optrede neerkom op ernstige wangedrag, en sy is vyf dae lank geskors. Alvorens die skorsing in werking kon tree, het die leerder egter die skool verlaat. In daardie stadium was die besluit van die skool reeds vir hersiening na die Kaapse Hoë Hof gestuur, en aangesien die besluit steeds deel van die leerder se skoolrekord sou uitmaak, het die hof besluit om met die hersieningsverrigtinge voort te gaan. Na oorweging van die feite het die hof bevind dat die gedragskode van die skool nie die dra van "dreadlocks" en 'n mus verbied nie, en selfs al is dit verbied, sou die dra van die "dreadlocks" en die mus nie op onbehoorlike wangedrag wat 'n skorsing regverdig, neergekom het nie.

'n Verdere voorbeeld is die geval waar 'n Hindoeleerder met die naam Sunali twee jaar gelede deur haar skool verbied is om 'n neusing te dra omdat dit deur die gedragskode van die betrokke skool verbied is. Sunali en haar moeder was nie tevrede met die besluit van die skool nie en het met regstappe teen die skool begin. Hierdie feite het in die *Pillay*-saak¹⁹ voorgekom, en dit dien as 'n uitstekende voorbeeld van die eise wat 'n veranderde samelewing aan 'n kursus soos regspluralisme stel; daarom sal ek later in meer besonderhede aandag aan hierdie geval skenk.²⁰

In die onderhawige voordrag gaan ek enkele opmerkings maak oor die dra van godsdienstige en kulturele simbole deur leerders van openbare skole as 'n uitdrukking of blyke van regspluralisme. Aangesien dit vanaand onmoontlik is om alle tersaaklike aspekte aan te raak, sal ek die bespreking beperk tot die

reg op gelykheid aan die hand van feite in die regspraak. Daarna sal ek die bespreking afsluit met enkele opmerkings oor die toekoms van regspluralisme aan hierdie universiteit.

2. GODSDIENSTIGE EN KULTURELE SIMBOLE IN OPENBARE SKOLE

2.1 Juridiese raamwerk

Ten einde te verstaan waarom die dra van godsdienstige en kulturele simbole vir die openbare onderwyssektor ter sake is, is dit nodig om kortliks die juridiese raamwerk waarbinne die geskilpunte van krag is, te skets. In die eerste plek is dit belangrik dat ons beseft die Grondwet is die hoogste reg van ons land; alle ander regsvoorskrifte en optrede is ondergeskik daaraan.²¹ Die Grondwet beklemtoon die waardes van menswaardigheid, die bereiking van gelykheid en die uitbou van menseregte.²² Daarbenewens bevat die Handves van Regte²³ verskeie regte wat beskerm en bevorder moet word, byvoorbeeld menswaardigheid,²⁴ gelykheid,²⁵ godsdienste,²⁶ kultuur,²⁷ vryheid van uitdrukking²⁸ en regverdige administratiewe optrede.²⁹ Die meeste van hierdie regte sal by godsdienstige en kulturele simbole in openbare skole ter sprake kom, maar aangesien dit onmoontlik is om aan elkeen van hierdie regte aandag te skenk, sal ek die bespreking beperk tot die reg op gelykheid.³⁰

Ten einde uitvoering te gee aan die reg op gelykheid in die Grondwet, is die *Promotion of Equality and Prevention of Unfair Discrimination Act (PAJA-Wet)*³¹ gepromulgeer. Dit word in die algemeen aanvaar dat 'n klaer op die bepalings van die PAJA-Wet moet steun en nie meer direk op die gelykheidsklousule in die Grondwet nie;³² daarom is die bepalings van hierdie Wet van kardinale belang in hierdie bespreking.³³

Benewens bogemelde wetgewing wat hoofsaaklik met fundamentele regte te make het, vind ons ook sogenaamde onderwyswetgewing wat op die onderwys toegespits is. Die belangrikste daarvan is die Suid-Afrikaanse Skolewet³⁴ wat die beheerliggaam van 'n openbare skool verplig om 'n gedragskode vir leerders in oorleg met die leerders, ouers en opvoeders van 'n skool te aanvaar.³⁵ Sodanige gedragskode "moet daarop gemik wees om 'n

gedisiplineerde en *doelgerigte* skoolomgewing wat toegewy is aan die bevordering en instandhouding van die gehalte van die leerproses, te vestig".³⁶ Die belangrikheid van die gedragskode word verduidelik deur artikel 8(4) wat bepaal:

Geen bepaling van hierdie Wet stel 'n leerder vry van die verpligting om die gedragskode van die skool wat deur sodanige leerder bygewoon word, na te kom nie.

Die Wet bepaal verder dat die Minister van Onderwys regulasies wat riglyne ter *oorweging* deur die beheerliggame neerlê, kan uitvaardig.³⁷ Gedurende April 1998 het die Minister inderdaad verskeie riglyne met betrekking tot die aanname van gedragskodes uitgevaardig.³⁸ Die Gedragskoderiglyne bevestig onder andere die oppergesag van die Grondwet en die waardes daarin vervat³⁹ en dui aan dat die doel van die gedragskode moet wees om positiewe dissipline, selfdissipline en goeie gedrag te bevorder.⁴⁰ Van belang is veral paragraaf 4 waarin die beginsels en waardes as regte van leerders uiteengesit word, naamlik onder andere demokrasie,⁴¹ nie-diskriminasie en gelykheid,⁴² respek en menswaardigheid⁴³ en vryheid van uitdrukking.⁴⁴ Vryheid van uitdrukking word omskryf om ook in te sluit die reg om te soek, te hoor, te lees en te *dra*.⁴⁵ Dit is veral die laaste insluiting wat van belang in hierdie debat oor godsdienstige en kulturele simbole kan wees, veral wanneer 'n mens in aanmerking neem dat dit vir sommige individue belangrik is om hulle uit te druk deur middel van die *dra* van godsdienstige en kulturele simbole.

Benewens die Gedragskoderiglyne is daar in Februarie 2006 riglyne vir skooluniforms uitgevaardig.⁴⁶ Die inleiding van die Skooluniformriglyne omskryf die betrokke doelwitte van skooluniforms soos volg:⁴⁷

- dit dien 'n belangrike sosiale en onderrigdoel;⁴⁸
- dit kan skoolveiligheid bevorder, dissipline verbeter en die leeromgewing versterk;⁴⁹
- dit kan bendegeweld en -aktiwiteite verminder;⁵⁰ en
- dit kan leerders help om op hulle skoolwerk te konsentreer.⁵¹

Die Skooluniformriglyne beklemtoon dat die skooluniformbeleid van 'n skool die godsdienstige en kulturele verskeidenheid van die skoolgemeenskap in aanmerking moet neem. Daarbenewens moet spesiale stappe gedoen word om leerders te akkommodeer op wie se godsdienstige oortuiging inbreuk gemaak word as gevolg van die uniformvereiste.⁵² Hierdie riglyn is negatief gestel. Daar moet met ander woorde verseker word dat die uniformvereiste nie daartoe lei dat daar inbreuk op die godsdienstige oortuiging van 'n leerder gemaak word nie. Daarbenewens blyk die feit dat die versuim om voorsiening te maak vir kulturele en godsdienstige verskeidenheid, ook tot ongeregtigheid kan lei.⁵³

2.2 Godsdienstige en kulturele gelykheid

2.2.1 Algemene opmerkings

Godsdienstige en kulturele diversiteit in openbare skole bring verskeie interessante regspunte na vore. In die *Antonie*-saak het die hof nie veel aandag geskenk aan die Rastifariese leerder se reg op godsdienstige of kulturele uitdrukking, haar reg op gelykheid of die vrye beoefening van haar godsdiens of kultuur nie. Die hof het bloot beslis dat die skoolraad nie 'n behoorlike oordeel met betrekking tot die betekenis van onbehoorlike gedrag uitgeoefen het nie; gevolglik is die skorsing van die leerling tersyde gestel. Die hersieningsverrigtinge het dus in wese oor die onbillikheid van die administratiewe optrede of besluit van die skoolraad gehandel.

In die *Pillay*-saak het die gewraakte verbod in die Gedragskode van die *Durban Girls' High School* soos volg gelui:

Ear-rings (sic) – plain round studs/sleepers may be worn, one in each ear lobe at the same level. No other jewellery may be worn, except a wrist watch (sic). Jewellery includes any adornment/bristle which may be in any body piercing. ... Learners are not permitted to wear any other adornment even of a sentimental nature.

As gevolg van hierdie verbod het die skool geweier dat Sunali, 'n Hindoeleerder, 'n neusring skool toe dra. Die moeder van Sunali het nie dieselfde weg as dié in die *Antonie*-saak gevolg nie, maar besluit om in die

Durbanse Gelykheidshof ingevolge die PAJA-Wet te ageer. In die lig van die oënskynlike neutraliteit van die juweliersware-vereiste in die gedragskode van die skool, is die vraag of die skuldoorsaak van onbillike diskriminasie kragtens die PAJA-Wet wel die korrekte weg was om te volg. Sonder om voor te gee dat dit die enigste probleem aspek is, gaan ek my toespits op die vraag of 'n algemene verbod op die dra van godsdienstige en kulturele simbole, en meer spesifiek juwele, inbreuk maak op die **reg op gelykheid** van 'n leerder.

2.2.2 Gelykheidskonsep

Op die oog af beteken 'n algemene verbod op die dra van godsdienstige en kulturele simbole dat alle leerders dieselfde of gelyke behandeling geniet, maar die gelykheidskonsep in die Suid-Afrikaanse reg het vele fasette. In die lig van ons stormagtige politieke geskiedenis is dit nie vreemd dat gelykheid een van die kernwaardes in die Grondwet is nie.⁵⁴ Die bekende Amerikaanse filosoof, Dworkin, spreek hom soos volg met betrekking tot gelykheid uit:⁵⁵

No government is legitimate that does not show equal concern for the fate of all those citizens over whom it claims dominion and from whom it claims allegiance.

Hierdie gesindheid word ook in die Suid-Afrikaanse regspraak weerspieël. In *Fraser v Children's Court, Pretoria North*⁵⁶ verklaar oorlede vise-Regterpresident Mahomed soos volg:

There can be no doubt that the guarantee of equality lies at the very heart of the Constitution. It permeates and defines the very ethos upon which the Constitution is premised.

As 'n regs-konsep word gelykheid in die Grondwet geformuleer as 'n opdrag tot gelyke behandeling⁵⁷ en 'n verbod op onbillike diskriminasie.⁵⁸ Daarbenewens is dit belangrik om tussen formele en werklike gelykheid te onderskei. Eersgenoemde veronderstel gelyke behandeling onder alle omstandighede, en laasgenoemde veronderstel dat die uitkoms gelyk moet wees, ongeag of die behandeling ongelyk was of nie.⁵⁹ Outeurs en die regspraak verleen voorkeur aan werklike, ook genoem substantiewe geregtigheid, met ander woorde die sosiale en ekonomiese omstandighede van individue en groepe

moet ook in aanmerking geneem word wanneer gelykheid of ongelykheid beoordeel word.⁶⁰

Die howe het ook al gewaarsku dat gelykheid nie met eenvormigheid verwar moet word nie. So verklaar Regter Sachs in *National Coalition for Gay and Lesbian Equality v Minister of Justice*⁶¹ soos volg:

The present case shows well that equality should not be confused with uniformity; in fact, uniformity can be the enemy of equality. Equality means equal concern and respect across difference. It does not presuppose the elimination or suppression of difference. Respect for human rights requires the affirmation of self, not the denial of self. Equality therefore does not imply a levelling or homogenisation of behaviour but an acknowledgement and acceptance of difference. At best, it celebrates the vitality that difference brings to any society.

Die praktiese toepassing van die gelykheidskonsep is soms problematies en dikwels kunsmatig. Neem byvoorbeeld die juweliersware-verbod in die *Pillay*-saak soos hierbo aangehaal. Op die oog af is hierdie verbod neutraal, en geen leerder word meer as 'n ander leerder bevoordeel of benadeel nie. Die dra van kulturele en godsdienstige simbole wat as juweliersware geklassifiseer kan word, word nie direk verbied nie, maar wel indirek deur middel van die verbod teen juweliersware. Die verbod sal byvoorbeeld ook die dra van Rooms-Katolieke kruise deur Rooms-Katolieke leerders en die dra van *isiphandla*⁶² deur Zoeloeleerders verbied, maar nie ander tipes godsdienstige en kulturele simbole wat nie as juweliersware geklassifiseer kan word nie, byvoorbeeld kleredrag van Moslems (*jilbab*, *burka* en kopdoek) of fisieke voorkoms (Rastafariëse "dreadlocks"). Laasgenoemde voorbeelde sal waarskynlik deur ander reëls in 'n betrokke skool se gedragskode gereël of verbied word.

Godsdienstige en kulturele simbole kan nie altyd oor een kam geskeer word nie, en aangesien die betekenis en waarde van die onderskeie simbole verskil, sal die herwaardering en beoordeling van die verskillende simbole waarskynlik noodsaaklik wees. Die gevolg is dat daar van 'n beheerliggaam vereis kan word om by ingewikkelde dogmatiese kwessies betrokke te raak ten einde 'n ingeligte besluit te kan neem. Dit staan te betwyfel of

beheerliggame van skole oor die algemeen ingestel is op of oor die nodige vaardighede beskik om sodanige ondersoeke te onderneem of besluite te neem.

2.2.3 Onbillike diskriminasie as skuldoorsaak

Soos reeds verduidelik, het die moeder van Sunali in die *Pillay*-saak haar skuldoorsaak op onbillike diskriminasie ingevolge die *PAJA*-Wet⁶³ gegrond. Sy het in die Durbanse Gelykheidshof aansoek gedoen om 'n verbiedende interdik teen die Durbanse *Girls' High School*. Die skuldoorsaak is omskryf as onbillike diskriminasie op grond van die leerder se reg op gelykheid, asook godsdienste, gewete, oortuiging en kultuur. Die hof *a quo* het beslis dat die optrede van die skool nie neerkom op onbillike diskriminasie nie.⁶⁴ Op appèl⁶⁵ is die beslissing van die landdros in die Gelykheidshof deur twee regters⁶⁶ van die Natalse Provinsiale Afdeling verwerp en is bevind dat die dra van 'n neusring deur Sunali van godsdienstige en kulturele belang is en dat die gedragskode wat die dra daarvan verbied het, *prima facie* teen Sunali gediskrimineer het, want dit het haar verhinder om ten volle haar godsdienste te beoefen of haar kultuur uit te leef.⁶⁷ Die skool kon hom nie van die bewyslas kwyt om te bewys dat die diskriminasie wel regverdig was nie; gevolglik slaag die appèl, en die beslissing van die hof *a quo*⁶⁸ is vervang met die volgende bevel:⁶⁹

The decision prohibiting the wearing of a nose stud in school by Hindu/Indian learners is declared null and void.

Dit is nie heeltemal duidelik wat die hof met hierdie bevel beoog het nie. Is die betrokke voorskrif in die gedragskode wat die dra van juweliersware, behalwe die voorgeskrewe ooringe, van nul en gener waarde, of is dit die besluit van die skool wat Sunali verbied het om 'n neusring te dra wat van nul en gener waarde is? Die vraag kan ook gestel word of die bevel ook geld ten opsigte van Hindoeleerders by ander openbare skole of slegs ten opsigte van die skool wat betrokke is by hierdie saak. Die uitspraak van die Konstitusionele Hof sal na alle waarskynlikheid oor hierdie aspekte handel wanneer dit gelewer word.

Die feit dat die skuldoorsaak van die moeder op onbillike diskriminasie ingevolge die raamwerk van die PAJA-Wet gegrond is, verhoed haar waarskynlik om op ander regte en vryhede in die Grondwet te steun. Dit is geykte reg dat 'n gedingparty sy of haar skuldoorsaak met die aanvang van die verrigtinge behoorlik moet identifiseer. In die algemeen kan nuwe skuldoorsaak nie op appèl geopper word nie, tensy, eerstens, die feite voor die hof die nuwe skuldoorsaak bewys en, tweedens, dit nie nodig sal wees om verdere getuieis aan te bied om die nuwe skuldoorsaak te bewys nie.⁷⁰ Die gevolg is dat die regte soos die reg op vryheid van godsdiens, die reg op vrye beoefening van godsdiens en uitlewing van kultuur en vryheid van uitdrukking waarskynlik nie tot die beskikking van die moeder in die *Pillay*-saak sal wees nie. Sy is gebonde aan haar aanvanklike skuldoorsaak wat steun op die gelykheidsbeginsel soos vervat in die PAJA-Wet.

2.2.4 Indirekte diskriminasie en die PAJA-Wet

Die PAJA-Wet verbied en voorkom direkte en indirekte diskriminasie. Diskriminasie word omskryf as:⁷¹

... any act or omission, including a policy, law, rule, practice, condition or situation which *directly or indirectly*–

- (a) imposes burdens, obligations or disadvantages on; or
- (b) withholds benefits, opportunities or advantages from, any person on one or more of the *prohibited grounds*.⁷²

Die verbode gronde waarop die moeder van Sunali gesteun het, is godsdiens en kultuur.⁷³ Die omstrede voorskrif in die gedragskode van die skool wat die dra van enige juweliersware (behalwe ooringe) verbied, is ooglopend neutraal en onderskei of diskrimineer nie tussen leerders of groepe leerders op enige van die verbode gronde nie.⁷⁴ Aangesien die juweliersware-verbod duidelik nie direk teen Hindoeleerders diskrimineer nie, is die enigste vraag of die verbod indirek teen Hindoeleerders diskrimineer of nie. Die Wet omskryf nie direkte en indirekte diskriminasie nie, maar indirekte diskriminasie blyk voor te kom waar 'n ooglopende neutrale handeling of versuim (insluitend 'n beleid, wet, regsreël, praktyk, voorwaarde of situasie)⁷⁵ 'n oneweredige of ongelyksoortige uitwerking of invloed op 'n kategorie persone met verwysing na die verbode gronde het.⁷⁶

Dit is nie 'n eenvoudige taak om vas te stel of daar inderdaad indirekte diskriminasie is of nie. Die Konstitusionele Hof se benadering in hierdie verband bied ook nie altyd volkome helderheid nie. Die probleem is dat die Konstitusionele Hof nie altyd eenstemmig is oor die presiese inhoud en betekenis van indirekte diskriminasie nie. In die *Pretoria City Council v Walker-saak*⁷⁷ het die meerderheid van die hof beslis dat die ooglopend neutrale beleid van die Plaaslike Owerheid om hoër diensgelde van die inwoners van sekere woongebiede te eis, neerkom op indirekte diskriminasie op grond van ras. Die meerderheid van die hof bevind:⁷⁸

The effect of apartheid laws was that race and geography were inextricably linked and the application of a geographical standard, although seemingly neutral, may in fact be racially discriminatory.

Regter Sachs wat die minderheidsuitspraak gelewer het, was egter van mening dat die beleid van die Plaaslike Owerheid ten opsigte van diensgelde nie op direkte of indirekte diskriminasie neergekom het nie. Die beleid was, volgens hom, gegrond op die vasstelling van objektiewe kenmerke van die verskillende geografiese gebiede en nie op ras nie.⁷⁹

Ook in *S v Jordan*⁸⁰ was die regters onderling verdeeld. Die meerderheid van die Konstitusionele Hof beslis dat die vervolging van 'n prostituut, maar nie van haar kliënt nie, nie neerkom op indirekte diskriminasie teen vroue nie.⁸¹ Aan die ander kant bevind die minderheid dat die feit dat 'n prostituut direk krimineel aanspreeklik is en nie haar kliënt nie, neerkom op geslagtelike stereotipering. Sodanige diskriminasie hou die moontlikheid in om die menswaardigheid van vroue aan te tas en gevolglik kom dit neer op indirekte diskriminasie.⁸²

Uit die meerderheidsuitsprake van bogenoemde twee beslissings kan afgelei word dat daar 'n vasstelbare en vergelykbare individu of groep moet wees wat in 'n beter posisie as 'n benadeelde individu of groep is. In die geval van die *Pretoria City Council*-saak het die benadeelde groep bestaan uit inwoners van 'n geografiese gebied wat hoofsaaklik deur blankes bewoon word, terwyl die vergelykbare groep wat bevoordeel is, bestaan uit inwoners van 'n geografiese gebied, hoofsaaklik deur swartes bewoon. In die *Jordan*-saak het die benadeelde groep bestaan uit vroulike prostitute, en die vergelykbare

groep was hulle manlike kliënte wat bevoordeel is, omdat laasgenoemdes nie ook krimineel vervolgd word nie.

In die geval van Sunali kan geargumenteer word dat die juweliersware-verbod alle Hindoeleerders benadeel, omdat hulle verbied word om uitdrukking aan hulle kultuur of godsdiens te gee. Daar is egter geen vergelykbare bevoordeelde individu of groep wat deur die juweliersware-verbod bevoordeel word nie, aangesien die verbod ten opsigte van alle leerders en groepe geld, en nie slegs teen enkeles nie. Teen hierdie agtergrond is dit moeilik om te aanvaar dat die juweliersware-verbod inderdaad indirek teen Sunali gediskrimineer het en word daar aan die hand gedoen dat die bevinding van die Hoë Hof met betrekking tot die diskriminasie teen Sunali foutief was.

Eenvoudig gestel, veronderstel die term *diskriminasie* ongelyke behandeling van mense in gelyke situasies, of gelyke behandeling van mense in ongelyke situasies. Die juweliersware-verbod behandel alle leerders in die skoolomgewing gelyk, en geen godsdienstige of kulturele gebruik of gewoonte van 'n leerder of 'n groep word bevoordeel of benadeel nie. Die benadering van die Hoë Hof was om te sê dat die juweliersware-verbod inbreuk maak op Sunali se godsdienstige of kulturele gebruike en gewoontes; daarom is dit diskriminasie op grond van godsdiens of kultuur. Sodanige benadering verwar egter nie-diskriminasie as skuldoorsaak met skuldoersake wat gebaseer is op die reg op vryheid van godsdiens⁸³ of die reg om hulle kultuur uit te leef of hulle godsdiens te beoefen.⁸⁴ Terloops kan genoem word dat laasgenoemde regte, die genieting van kultuur en die beoefening van godsdiens saam met ander lede van daardie gemeenskappe bedoel. Dit is onwaarskynlik dat hierdie reg ook op die skoolomgewing van toepassing is. Dit is egter nie te sê dat die Hoë Hof nie tot die gevolgtrekking sou kom dat Sunali daarop geregtig was om haar neusring te dra indien daar op hierdie reg in plaas van die reg op gelykheid gesteun is nie.

3. SLOTOPMERKINGS: TEORIE, PRAKTYK EN REGSPLURALISME

Die wisselwerking tussen godsdienstige en kulturele gemeenskappe binne 'n staatsbestel is al geruime tyd een van die belangrikste oorsake van sosiale probleme.⁸⁵

In *Doctors for Life International v Speaker of the National Assembly*⁸⁶ het regter Van der Westhuizen aangetoon dat dit gewoonlik die funksie van die akademië is om te teoretiseer, te analiseer en te klassifiseer, maar dit is tog belangrik om te besef dat blote regsvoorskrifte nie die enigste faktor is waarmee rekening gehou moet word wanneer aspekte van regspluralisme (soos die simbole-kwessie in openbare skole) beoordeel word nie. Verskeie vakfilosofieë en samelewingsteorieë speel dikwels, hoewel meestal onbewus, 'n belangrike rol in 'n mens se benadering tot 'n bepaalde regsprobleem.

Dit is 'n lang en gevestigde tradisie om die reg (regspluralisme natuurlik ingesluit) op 'n abstrakte en veralgemeende wyse by universiteite te bestudeer en te doseer. Die klem val op sistematiek, en regspluralisme word beskou as 'n afgeronde eenheid (bestaande uit staatlike en nie-staatlike regsisteme) wat uit vaste reëls en konsepte bestaan. Weinig aandag word aan die sosiale verantwoordelikheid van die reg en veranderde behoeftes van die regsgemeenskap geskenk. Hierdie benadering negeer die sosiale funksie van die reg. Wat wel van belang is, is dat daar reëls is wat nagekom moet word, ongeag die uitwerking daarvan. Volgens hierdie benadering sal die gedragskode van 'n skool wat die dra van godsdienstige en kulturele simbole verbied, voldoende wees, en die sosiale uitwerking van die verbod word as van mindere belang geag.

Daar bestaan 'n toenemende behoefte aan 'n meer kontekstuele benadering tot die reg wat ook in die kursus regspluralisme weerspieël behoort te word.⁸⁷ Ooreenkomstig hierdie benadering word die reg nie as iets onveranderliks en as universeel beskou nie, maar as iets wat behoort tot 'n spesifieke tyd, plek en gemeenskap. Die vraag is hoe die reg in 'n spesifieke gemeenskap werk of behoort te werk. Hierdie benadering neem die behoeftes van die bepaalde gemeenskap waarbinne die reg werk, in ag. Volgens hierdie benadering sal

die sosiale uitwerking van die verbod teen die dra van godsdienstige en kulturele simbole van belang wees. Die sosio-politieke veranderinge wat in ons en as gevolg van ons multikulturele samelewing plaasvind, noodsaak 'n herwaarding van bestaande waardes en norme. In 'n diverse samelewing wat bestaan uit groepe met uiteenlopende agtergronde, kulture, voorkeure, gebruike en gewoontes is dit uiteraard moeiliker om dit te bewerkstellig, aangesien daar nie bloot aanvaar kan word dat die waardes en norme dieselfde deur die verskillende groepe beoordeel gaan word nie. Die verskillende argumente oor uiterlik dieselfde geskilpunte wat deur die verskillende partye in die *Pillay*-saak⁸⁸ geopper is, dien as bewys hiervan.

Ons moet ook in gedagte hou dat die beoefening van die regs wetenskap (regspluralisme ingesluit) 'n menslike aktiwiteit is en daarom nie geheel en al objektief, onbetrokke, waarde-vry of waardeneutraal kan wees nie.⁸⁹ Godsdienstige en kulturele gewoontes en gebruike was nog altyd part en deel van die private sfeer, dit wil sê dit wat ons in die privaatheid van ons huise of as lede van 'n spesifieke gemeenskap beoefen. Die waardes en regte soos in die Grondwet uiteengesit, skep die moontlikheid van verbreding, uitbreiding en sigbaarwording van hierdie gewoontes en gebruike, ook in die openbare sfeer. Die vraag wat gestel moet word, is hoe ons die veranderinge wat multikulturaliteit meebring, gaan hanteer en bestuur.

Een van die uitdagings wat ons in die gesig staar, is om 'n fundamenteel gesonde leergang te skep waarin 'n mens voordeel kan trek uit die nuwe geleenthede wat veranderde omstandighede ons bied. Dit is nie genoeg om bloot die leerstof te doseer soos dit altyd gedoen is nie. Moderne werklikhede vereis van ons om stof aan te bied wat beide gepas en ter sake is. Regsakademics het 'n verpligting om hulle vaardighede en kundighede aan te wend om te dink, te skryf en te praat oor die uitwerking en oplossings wat verskeidenheid meebring.⁹⁰ Dit is ook belangrik dat die kloof tussen die teorie en die praktyk oorbrug moet word deur gevallestudies uit die praktyk te behandel, en wel aan die hand van teoretiese en praktiese beginsels. Daarom is dit noodsaaklik dat die praktiese uitwerking van godsdienstige en kulturele

verskeidenheid op alle vlakke van die samelewing erken, beoordeel en behandel moet word.

Die verskynsel van regspluralisme is meer as 'n blote juridiese hebbelikheid; dit is 'n werklikheid wat ten nouste verweef is met ons daaglikse handel en wandel. Regshervorming en –ontwikkeling veronderstel 'n verandering of verbetering van 'n bestaande situasie. Die regswetenskap en die reg in 'n grondwetlike staat moet bydra tot die oplos van regsprobleme in Suid-Afrika,⁹¹ met ander woorde die inhoud van 'n kursus soos regspluralisme moet voortdurend ontwikkel om aan te pas by veranderde en veranderende behoeftes van ons uiteenlopende gemeenskap.

Ek hoop van harte dat my verkenning van hierdie terrein, naamlik regspluralisme, alhoewel hopeloos onvolledig, minstens 'n beeld van die moontlikhede en veral die belangrikheid daarvan kon gee.

In my skooljare het ek twee groot begeertes gehad. Die een was om toneelspeler te word, en die tweede om romans te skryf. My eerste droom het in skerwe gespat toe ek nie vir die hoofrol van die skoolopvoering gekies is nie, en my tweede droom het ook gesneuwel toe my eerste kortverhaalpoging deur die tydskrif Huisgenoot teruggestuur is.

Uiteindelik het ek in die akademie die geleentheid gekry om my drome uit te leef, naamlik om te skryf en voor gehore op te tree. Daarom wil ek vanaand my opregte waardering teenoor die Raad en Senaat van die Universiteit uitspreek vir die vertroue in my gestel deur my in hierdie pos te benoem. Hartlike dank aan die dekaan, kollegas, familie en vriende wat my deur die jare ondersteun, gedra en verdra het.

It is an immense pleasure and honour to be afforded the opportunity to say a few words on this occasion and to express my heartfelt gratitude to the University and my colleagues, friends and family.

Kaleboga!

Vielen Dank!

Religious and Cultural Symbols in Public Schools: Emergence and growth of Legal Pluralism in South Africa

Legal pluralism stands on two pillars. The one pillar represents African customary law that has received constitutional recognition, and the second pillar represents religious family law that consists of non-state law, such as Hindu law, Islamic law and Jewish law. The influence of the cultural and religious diversity of the South African population is seen in the everyday life of its people in all social spheres of private and public life. This phenomenon has led to the emergence and growth of courses such as legal pluralism at the universities and particularly the North-West University. In this paper, I shall deal with one manifestation of legal pluralism, which is the wearing of religious and cultural symbols by learners in public schools. Without implying that it is the only right being affected, I will limit my discussion to the right to equality in the context of religion and culture. This will be done with reference to a recent decision of the High Court, namely *Pillay v MEC for Education, KwaZulu-Natal* 2006 (6) SA 363 (EqC). After that, I shall conclude this conversation with some comments on the future of legal pluralism at our University.

¹ Artikel 211 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (hierin die Grondwet genoem). Die Engelse teks van die Grondwet is onderteken en is dus die gesaghebbende teks. Afrika-gewoonereg is die reg van tradisionele gemeenskappe in Suid-Afrika wat oor die algemeen sekere regsangeleenthede van swart gemeenskappe reël. Vir 'n oorsigtelike bespreking, kyk deel I van Bekker JC, Rautenbach C en Goolam NMI (eds) *Inleiding tot Regspluralisme in Suid-Afrika* (2006 Lexis Nexis Butterworths Durban) 31-153.

² Artikel 15(3).

³ Een van die probleme is natuurlik die feit dat hierdie regstelsels onderverdeel is in verskillende skole of groepe wat natuurlik die taak om gemeenskaplike reëls te identifiseer en te erken, aansienlik bemoeilik.

⁴ Raadpleeg in die algemeen die besprekings deur Van Niekerk "Regspluralisme" in Bekker, Rautenbach en Goolam (eds) *Inleiding tot Regspluralisme in Suid-Afrika* 5-15 en Olivier NNJ "Regspluralisme in Suid-Afrika" 1988 *TRW* 60-79.

⁵ Sogenaamde "non-state law" of "the Other law". Vergelyk ook die publikasie Schärf W en Nina D (reds) *The Other Law: Non-State Ordering in South Africa* (2001 Kenwyn Juta).

⁶ Bilchitz D "Joodse Personereg" in Bekker, Rautenbach en Goolam (eds) *Inleiding tot Regspluralisme in Suid-Afrika* 226.

⁷ Tradisioneel het die aanhef van 'n wet nie veel waarde aan die interpretasieproses van die betrokke wet verleen nie. Dit word vandag algemeen aanvaar dat die aanhef tog 'n belangrike rol speel om die konteks te verskaf waarbinne wetgewende bepalings verstaan moet word.

Kyk in die algemeen Du Plessis L *Re-Interpretation of Statutes* (2002 Lexis Nexis Butterworths Durban) 239-242, asook die gesag wat hy bespreek.

⁸ Die term "verskeidenheid" beteken 'n "[v]ersameling, groep dinge van verskillende aard". Kyk Odendaal FF ea (reds) *Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (HAT) onder die lemma "verskeidenheid".

⁹ Artikel 30 van die Grondwet.

¹⁰ Artikel 31 van die Grondwet.

¹¹ Artikel 9 van die Grondwet.

¹² South African Law Reform Commission *Report on Islamic Marriages and related matters* (2000 Project 59 Pretoria).

¹³ *Amod v Multilateral Motor Vehicle Accident Fund (Commissioner for Gender Equality Intervening)* 1999 4 SA 1319 (HHA).

¹⁴ *Daniels v Campbell* 2004 7 BCLR 735 (KH).

¹⁵ 81 van 1987.

¹⁶ 27 van 1990.

¹⁷ News 24 "Headscarf issue hits SA School" gevind by http://www.news24.com/News24/South Africa/News/0,,2-7-1442_1473729,00.html [datum van gebruik 23 Januarie 2004].

¹⁸ *Antonie v Governing Body, Settlers High School* 2002 4 SA 738 (C); [2002] JOL 9663 (C). Kyk Roos R "The Physical Appearance of Learners in Public Schools" 2003 TSAR 792-796 vir 'n bespreking van die saak,

¹⁹ *Pillay v MEC for Education, KwaZulu-Natal* 2006 (6) SA 363 (EqC).

²⁰ Kyk paragraaf 2.2 hiervan.

²¹ Artikels 2 en 8 van die Grondwet.

²² Artikels 1 en 7 van die Grondwet.

²³ Kyk hoofstuk 2 van die Grondwet.

²⁴ Artikel 10 van die Grondwet.

²⁵ Artikel 9 van die Grondwet.

²⁶ Artikels 15 en 31 van die Grondwet.

²⁷ Artikels 15, 30 en 31 van die Grondwet.

²⁸ Artikel 16 van die Grondwet.

²⁹ Artikel 33 van die Grondwet.

³⁰ Kyk paragraaf 2.2 hierna.

³¹ Die Wet is slegs in Engels geproklameer. Artikels 24-28, 29(2) en 35 van die Wet is nog nie in werking nie. Hierna die PAJA-Wet genoem.

³² Kyk *Minister of Health v New Clicks South Africa (Pty) Ltd* 2006 2 SA 311 (KH) par [437]; *Pillay*-saak par [38]. Steeds van belang is die regspraak wat oor die grondwetlike interpretasie van die gelykeheidsklousule in die Grondwet handel. Kyk Currie I en De Waal J *The Bill of Rights Handbook* 5de uitg (2005 Juta Wetton) 268.

³³ Kyk paragraaf 2.2 hierna.

³⁴ 84 van 1996. Die Wet in op 1 Januarie 1997 in werking getree.

³⁵ Artikel 8(1) van die Suid-Afrikaanse Skolewet.

- ³⁶ Artikel 8(2) van die Suid-Afrikaanse Skolewet. Eie kursivering.
- ³⁷ Atikel 8(3) van die Suid-Afrikaanse Skolewet. Eie kursivering.
- ³⁸ "Guidelines for the Consideration of Governing Bodies in Adopting a Code of Conduct for Learners", Goewerment Kennisgewing 776 gepubliseer in Staatskoerant 18900 van 15 Mei 1998 (hierna verwys as die Gedragkoderiglyne).
- ³⁹ Paragraaf 1.3 van die Gedragkoderiglyne.
- ⁴⁰ Paragraaf 1.6 van die Gedragkoderiglyne.
- ⁴¹ Paragraaf 4.1 van die Gedragkoderiglyne.
- ⁴² Paragraaf 4.2 van die Gedragkoderiglyne.
- ⁴³ Paragraaf 4.3 van die Gedragkoderiglyne.
- ⁴⁴ Paragraaf 4.4 van die Gedragkoderiglyne.
- ⁴⁵ Eie kursivering.
- ⁴⁶ "National Guidelines on School Uniforms", Goewermentskennisgewing 173, gepubliseer in Staatskoerant 28538 van 23 Februarie 2006 (hierna verwys as die Skooluniformriglyne).
- ⁴⁷ In die *Pillay*-saak is die doel van die Gedragkode as soortgelyk uiteengesit. Kyk par [17].
- ⁴⁸ Paragraaf 1 van die Skooluniformriglyne.
- ⁴⁹ Paragrafe 5 en 6 van die Skooluniformriglyne.
- ⁵⁰ Paragraaf 6(4) van die Skooluniformriglyne.
- ⁵¹ Paragraaf 6(6) van die Skooluniformriglyne.
- ⁵² Paragraaf 29(1) van die Skooluniformriglyne.
- ⁵³ Kyk *Pillay*-saak waar die hof soos in par [46] soos volg beslis het: "The failure to recognise difference and disadvantage could lead to injustice for communities and individuals whose values, circumstances and way of life are different from those in authority.
- ⁵⁴ Die aanhef en verskeie ander bepalings in die Grondwet bevat verwysings na gelykheid, byvoorbeeld artikels 1(a), 7, 9, 36(1), 37(5)(c) en 39(1)(a).
- ⁵⁵ Dworkin R *Sovereign Virtue: The Theory and Practice of Equality* (2000 Harvard University Press Cambridge) 1.
- ⁵⁶ 1997 2 BCLR 153 (CC) par [20].
- ⁵⁷ Artikel 9(1)-(2) van die Grondwet.
- ⁵⁸ Artikel 9(3)-(5) van die Grondwet.
- ⁵⁹ Currie en De Waal *The Bill of Rights Handbook* 232-234.
- ⁶⁰ Van Reenen TP "Equality, Discrimination and Affirmative Action: An Analysis of Section 9 of the Constitution of the Republic of South Africa" 1997 *SAPR* 153-154; *President of South Africa v Hugo* 1997 6 BCLR 708 (KH) par [41]; *National Coalition for Gay and Lesbian Equality v The Minister of Justice* 1998 12 BCLR 1517 (KH) paragrawe [60-64].
- ⁶¹ 1999 1 SA 6 (KH) par [132].
- ⁶² 'n Diervel-armband. Kyk Anon "Embracing African Tradition and Culture" gevind by <http://www.bizcommunity.com/Article/196/12/8460.html> [datum van gebruik 3 Mei 2007].
- ⁶³ Kyk artikel 20.
- ⁶⁴ Uitspraak van die Durbanse Gelykheidshof, saak nommer 61/2005 soos gelewer op 29 Augustus 2005. Die verrigtinge van 'n landdroshof word normaalweg nie gepubliseer nie, maar 'n elektroniese afskrif van die uitspraak kan gevind word by <http://www.constitutionalcourt.org.za/site/home.htm>.

-
- ⁶⁵ Die moeder van die Hindoeleerder het teen die beslissing van die Durbanse Gelykheidshof na die Durbanse Hoë Hof ingevolge artikel 23 van die PAJA-Wet geappelleer.
- ⁶⁶ Regter Kondile het die uitspraak gelewer, en Regterpresident Tshabala het die uitspraak bevestig.
- ⁶⁷ Kyk par [42].
- ⁶⁸ Paragrafe [43]-[68].
- ⁶⁹ Kyk par [70].
- ⁷⁰ *Van Ryn Wine & Spirit Co v Chandos Bar* 1928 TPD 417 421.
- ⁷¹ Kyk artikel 1 onder "discrimination".
- ⁷² Eie kursivering.
- ⁷³ Kyk artikel 1 onder "prohibited grounds".
- ⁷⁴ Kyk paragraaf 2.2.2 hierbo vir die bewoording van die juweliersware-verbod in die gedragskode van die skool.
- ⁷⁵ Gegronnd op die bewoording van die definisie van diskriminasie in artikel 1 van die PAJA-Wet.
- ⁷⁶ Kyk Currie en De Waal *The Bill of Rights Handbook* 260-263, asook die gesag waarna hulle verwys.
- ⁷⁷ 1998 2 SA 363 (KH).
- ⁷⁸ Kyk par [32].
- ⁷⁹ Kyk par [105].
- ⁸⁰ 2002 6 SA 642 (KH).
- ⁸¹ Kyk par [18].
- ⁸² Kyk par [65].
- ⁸³ Artikel 15(1) van die Grondwet.
- ⁸⁴ Artikel 31(1) van die Grondwet.
- ⁸⁵ Reeds in die sestigerjare is daarvoor geskryf. Kyk byvoorbeeld Barron ML (red) *Minorities in a Changing World* (1967 Alfred A Knopf New York) 1.
- ⁸⁶ 2006 (6) SA 416 (CC) par [244(4)].
- ⁸⁷ Die beoordeling van bepaalde feite binne die konteks van daardie feite, soos byvoorbeeld historiese feite, grondwetlike waardes en sosiale en politieke faktore. Vergelyk ook Du Plessis *Re-Interpretation of Statutes* 111-115 vir 'n bespreking van kontekstualisme binne die konteks van uitleg van wette.
- ⁸⁸ Die betooghoofde van die partye kan op die webbladsy van die Konstitusionele Hof gelees word, kyk <http://www.constitutionalcourt.org.za/site/home.htm>.
- ⁸⁹ Van der Walt JL *Scholarship in a Changing Socio-epistemological Landscape* (2002 Centre for Faith and Scholarship Potchefstroom) 55-58.
- ⁹⁰ Stiehm J "Diversity's Diversity" in Goldberg DT (red) *Multiculturalism: A Critical Reader* (1994 Oxford University Blackwell) 140-156.
- ⁹¹ Stelling gegrond op die navorsingsvraag van die Fokusarea van die Regsfakulteit.